

3 September

**Skrifgedeelte: 2 Konings 20
Fokusgedeelte: 2 Konings 20:15**

Pasop dat hulle nie slegte getuienis ontvang nie – Dankbaarheid word getoets

Kan dit in my en jou lewe gesien word dat ons dankbaar is vir God se genade, medelye en liefde? Of verdwyn ons dankbaarheid maar soos mis voor die son as dit met ons goed gaan?

Koning Hiskia het ernstig siek geword en kry berig van Jesaja dat hy sal sterwe. Op sy siekbed pleit hy egter met sy gesig na die muur in trane by die Here om sy lewe te spaar. Die Here verhoor sy gebed en verleng sy lewe met 15 jaar. As teken dat Hiskia gesond sou word en oor twee dae al weer in die tempel die Here sal kan aanbid, gee Hy vir Hiskia die terugdraai van die horlosie in tyd, sodat die skaduwee van die dag tien trappe terugskuif. Hoe dit presies gebeur het, weet ons nie, maar dis genoeg om te weet dat dit 'n wonderteken was en dat Hiskia op daardie dag genoeg sekerheid van God ontvang het dat hy sal gesond word. Die geweldige troos vir die kind van God is dat Hy ons nood en trane en pyn sien en met ons medelye het. Ons mag vandag, selfs meer as Hiskia, met ons nood en trane na God toe vlug, want ons het 'n Voorspraak, Jesus Christus, by God.

Nou ja, 'n mens sou verwag dat Hiskia oor hierdie wondergenesing en -teken nie uitgepraat sou kon word nie. 'n Mens sou verwag dat Hiskia se hart oor God se medelye, genade en liefde sal uitborrel. Tog vind ons 'n ander prentjie. Toe Hiskia later hoë besoekers uit Babel ontvang, omdat hulle gehoor het van sy siekte (vs 12), maar ook van sy wondergenesing en sekerlik ook bewus was van die skaduwee wat teruggeskuif het op die dag, wys hy vir hulle sy rykdomme, skatte en mag. Gouer as wat Hiskia gedink het, het die Here sy dankbaarheid getoets (2 Kron. 32:31). Die profeet Jesaja wil namens God by Hiskia weet: "Wat het hulle in jou paleis gesien?"

Ag, hier was die ideale geleentheid om hulle die bed te wys waarop hy in gebed met God geworstel het. Hier was die kans om hulle die muur te wys waarheen hy gedraai het toe God sy trane gesien het. Ja, en die sonwyser – dié moes hy sekerlik vir hulle gewys het. Wat 'n geleentheid om dank aan God te betoon sodat sy Naam onder die heidennasies kon weerklink het!

Die vraag is net: Hoe sal ek en jy daarvan afkom as God ons dankbaarheid vir sy medelye en genade in Jesus Christus sou toets? Sal dit wys in my gereelde, dankbare en blymoedige kerkbesoek? Sal dit wys in my geldelike dankbaarheidsoffers? Sal dit wys in my daaglikse getuienis voor mense dat Hy in Christus my in my sondenood en diepste ellende raakgesien het? Wys my ganse lewe ek is dankbaar? As God deur sy Woord en Gees vandag jou dankbaarheid meet, wat sal hy in jou huis sien?

Sing: Psalm 38:8, 17 (1936)

Ds. TJ Potgieter (Port Elizabeth)